Geliefde lidmaat,

Dit is met groot dankbaarheid teenoor die Here dat die kerkraad die volgende besluite aan u mag deurgee. Daar is gepoog om dit so verantwoordelik en uitvoerbaar moontlik te maak binne die konteks van die regulasies onder vlak 1.

Ons glo dat hierdie aanbevelings tot eer van die HERE en tot opbouing van die gemeente sal dien.

Die hoeveelheid persone wat in 'n erediens teenwoordig mag wees is verhoog na 50% van die kapasiteit van die gebou of 250 persone, welke die minste. In Montanapoort se geval mag 250 lidmate in 'n erediens bymekaar kom onder die vlak 1 regulasies.

**<u>Hervatting van eredienste</u>**

**Oggenderediens**

**Wanneer?**
Met ingang vanaf DV Sondag 4 Oktober tot einde Desember 2020, voorlopig.

**Eredienstyd?**
Soggens 10:00. Geen lidmate op die kerkterrein voor 09:15 gedagtig aan ons buurgemeente.

**Hoe word bepaal wie is teenwoordig?**
Montanapoort se lidmatetal oorskry 500 en word die gemeente binne wyksverband in twee groepe verdeel soos uiteengesit in die tabel wat u onder aan hierdie inligtingstuk vind, om sodoende binne die wetlike beperking van 250 persone te bly. Daar word een erediens op 'n Sondag gehou en bywoning deur lidmate geskied binne konteks van hierdie twee groepe op 'n rotasiebasis, m.a.w. wyke gelys onder Groep A op Sondag 4 Oktober, gevolg deur wyke gelys onder Groep B die daaropvolgende Sondag, waarna die siklus herhaal.

**Protokol**
- Gesigsmaskers moet te alle tye gedra word.
- Sosiale afstand van 1.5m moet gehandhaaf word.
- Toegang tot die kerkgebou word slegs verkry deur die hoofingang aan die noordelike kant van die kerkgebou. Moeders met klein kinders wat van die moederskamer gebruik wil maak, moet ook van hierdie ingang gebruik maak.
- Lidmate word versoek om ordelik twee rye vanuit die ingangsportaal te vorm.
- Elke lidmaat is vervolgens verantwoordelik om om sy/haar hande te saniteer, sy/haar eie temperatuur te neem en die register te voltooi (selfdiens) alvorens die kerkgebou binne gegaan word. Die nodige toerusting sal in die ingangsportaal op strategiese plekke geplaas word vir hierdie doeleindes.

**Gemeentesang**
Gemeentesang vind wel plaas, maar altyd met 'n gesigmasker. Hoewel daar nie 'n onderbreking in kontinuïteit met die sangbord voorsien word nie, kan lidmate wat oor Psalmboeke beskik dit oorweeg om dit saam te bring, bloot as 'n vrsorgmaatreël.

**Tee/koffie na erediens**
Geen koffie en tee sal na afloop van die erediens bedien word nie tot einde Desember 2020.

**Aanderediens**
Voorlopig tot einde Desember 2020, geen aanderedienste.

**Offergawes vir die diens van barmhartigheid**
Geen opname van offergawes onder die erediens of na afloop van die erediens by die deure nie. Daar is groot dankbaarheid teenoor lidmate vir inbetaling van offergawes in die diakonie se bankrekening en kan daar so voortgegaan word.

**Sondag Katkisasie**
Geen katkisasie na afloop van die oggenddiens nie en rus die verantwoordelikheid op ouers dat lesse gevolg word soos aangedui in die Poortpos.

**Huisbesoek**
Huisbesoek deur die predikant en u wyksouderling sal geskied op versoek van lidmate. Kontak dr Heystek of u ouderling, en word daar met die grootste liefde gereël vir huisbesoek.

**Poortpos**
Gaan voort in die huidige formaat op Woensdae. Geen Poortpos op Sondae.

**VLAK 1 INPERKING EREDIENSROOSTER**
**(250 lidmate per erediens per Sondag)**

**GEDAGTIG AAN EKSODUS 20:8-11, ELKE LIDMAAT TE VERSOEK OM EREDIENSTE GETROU BY TE WOON, MAAR!!**
**OM DIT MET DIE GROOTSTE VERANTWOORDELIKHEID (EIE GESONDHEID EN DIE VAN ANDER) INAGGENOME, TE DOEN.**

**GROEP A**

| OUDERLINGE | WYK | DIAKENS |
|---|---|---|
| Luus Lucas | BAO1 | Luus Alta |
| Erasmus Casper | BAO2 | Pretorius Roua |
| Lubbe Willem | BE1 | Lubbe Adelene |
| Minnie Jan | DO2 | Van der Walt Leon |
| Boshoff Gerhard | DW1 | Boshoff Marthie |
| vd Merwe Riaan | DW2 | Van der Merwe D'Vida |
| Lessing Karel | DW3 | Swanepoel Jaco |
| J van Rensburg Tinus | DW5 | Hooneberg Wilhelm |
| J van Rensburg Leon | M1 | Smit Gert |
| Coetzee Dirk | M2 | Coetzee Joan |
| Booysen Herman | M3 | Rautenbach Henk |
| Du Plessis Paul | M4 | Pretorius Koos |
| Jones Neville | M5 | Van Jaarsveldt Rikie |
| Untiedt Martin | MO1 | Venter Hermie |
| Coetsee Jan | MO2 | Cheyne Corien |

**GROEP B**

| OUDERLINGE | WYK | DIAKENS |
|---|---|---|
| Van Vreden Ben | MP1 | Frouws Deon |
| Van Heerden Marten | MP2 | Le Roux Wimpie |
| Le Roux Eben | P1 | Ligthelm Theo-Willem |
| Coetzer Johan | P2 | |
| Haarhoff Nic | P3 | Kruger Emma |
| Dr. Pieter Heystek | PH | |
| Diedericks Hans | PN | Ligthelm Pattie |
| Van der Walt Danie | S1 | Vierbergen Renier |
| Swiegers Louis | S2 | Jordaan Andre |
| (Thys de Beer) | S4 | Joubert Bertus |
| Van der Walt Brand | S5 | Wyma Adri |
| Le Grand Jannis | S6 | Labuschagne Kobus |
| Pretorius Johan | S7 | Cheyne Brian |
| Van der Walt Flip | TR1 | Van der Walt Fransie |
| Van Loggerenberg Johan | TR3 | Van der Walt Michelle |
| Van Niekerk Adriaan | ZCE | |
| Dr. Pieter Heystek | ZO1 | Van Graan Retha |

Groep A woon eredienste by op:
Oktober 4; 18
November 1; 15; 29
Desember 13; 27

Groep B woon eredienste by op:
Oktober 11; 25
November 8; 22
Desember 6; 20

**Kontak asb. u wyksouderling indien daar enige onduidelikheid is.**